AUGUSTUS 2020

ATKV-OORDE COVID-PROTOKOL

ATKV OORDE

02

INLEIDING

Beste ATKV-gas. Vir langer as ’n paar maande seil ons lewensbootjies al in onbekende waters. En al is dit soms moeilik om sin te maak van die situasie waarin ’n mens jouself bevind, is dit nodig om weer hoopvol uit te sien na die dag van môre. In hierdie tyd van onsekerheid en verandering het u seker baie vrae, en dus wil ons u gerusstel dat ons bestuurspan skouer aan die wiel sit om te verseker dat ons u so spoedig moontlik weer by een van ons oorde kan verwelkom. ATKV-oorde waardeer u onvoorwaardelike ondersteuning en dat u ons oorde as u voorkeur-vakansiebestemming kies. Ons versoek dat ons gaste ag sal gee aan die volgende dokument.

DOEL

By die ATKV besef ons die erns van die COVID-19-pandemie en omdat ons gaste, werknemers, kontrakteurs en verskaffers se veiligheid van uiterse belang vir die ATKV is, tree ons as verantwoordelike landsburgers op. Hierdie dokument beklemtoon die nakoming van ATKV-oorde se gesondheids- en veiligheidsprotokol , soos bepaal deur die Minister van Indiensneming en Arbeid, om sodoende na die welstand, gesondheid en veiligheid van ons gaste en personeel om te sien. Die prosedures en maatreëls wat hierin vervat word, moet deurlopend hersien en aangepas word, en sal tydig aan gaste gekommunikeer word.

ATKV OORDE

03

VOORSORGMAATREËLS

Die COVID-19-voorsorgmaatreëls wat aangespreek en bestuur word sluit is aspekte soos volg:

Opleiding	Vir werknemers, verskaffers en kontrakteurs.
Nakoming van wetgewing	Suid-Afrikaanse wetgewing met betrekking tot werknemers, gesondheid, veiligheid, verbruikers en besigheid.
ATKV-groepsbeleide	• Die beleid vir beroepsgesondheid en -veiligheid: Dit sluit in COVID-19-opleiding aan werknemers, die verskaffing en riglyne vir die gebruik van skoonmaakprodukte, veiligheidsplanne vir kontrakteurs & verskaffersen inligting wat aan gaste verskaf word. • Werknemerbeleid: Dit sluit toegang tot die werksplek, siekverlof en die reisbeleid in. Werknemers word daagliks geskandeer, ingelig en aangemoedig om tuis te bly as hulle siek is.
Gaste	Voorsiening van inligting en reëls om 'n veilige omgewing te verseker: • Om deurgaans te kommunikeer oor aanpassings en maatreëls op die onderskeie oorde. • Die beskikbaarheid van ATKV-personeel.
Kontrakteurs en verskaffers	Veiligheidsplan: Dit sluit die opleiding van werknemers en induksie van ATKV-gesondheids- en -veiligheidsbeleide in.

04

COVID-19:

COVID-19 is ’n hoogs aansteeklike siekte wat veroorsaak word deur die koronavirus.

COVID-19 is ’n hoogs aansteeklike siekte wat veroorsaak word deur die koronavirus. Hierdie virus en siekte het vir die eerste keer aan die mensdom bekend geword nadat dit in Desember verlede jaar (2019) in die stad Wuhan, China, uitgebreek het. Daar is dus ook nog nie ’n entstof beskikbaar nie, maar die simptome van hierdie virussiekte kan behandel word. Wetenskaplikes werk baie hard daaraan om ’n entstof te ontwikkel en medisyne deur kliniese proeflopies te toets. Intussen moet mense wat ernstig siek is, gehospitaliseer word.

Die meeste pasiënte herstel met behandeling.Die virus word met druppelbesmetting en kontak met oppervlakktes versprei. Die doeltreffendste manier om besmetting te voorkom, is dus om noue persoonlike kontak met mense wat siek en moontlik besmet is, te vermy. Persone met verswakte immuunstelsels is veral vatbaar en moet uiters versigtig optree.

ATKV OORDE

05

SIMPTOME

Hierdie simptome is gewoonlik lig en begin geleidelik.

Die algemeenste simptome van COVID-19 is koors, moegheid en ’n droë hoes. Pasiënte kan ook pyn, ’n toe- of loopneus, ’n seer keel of diarree hê. Hierdie simptome is gewoonlik lig en begin geleidelik. Sommige mense tel die virus op, maar toon geen simptome nie en voel ook nie sleg nie. Die meeste mense (80%) herstel van die siekte sonder enige spesiale behandeling.

Dit word sterk aanbeveel dat u teen griep (die 2020-entstof) en ook teen pneumokokkus-infeksies (indien vir u aangedui) ingeënt word. Dit sal die las op die gesondheidsorgstelsel verlig, u vermoë om te werk beskerm, en dit kan voorkom dat u as ’n moontlike COVID-19-geval geïdentifiseer word. Die belangrikste is dat dit siekte in die algemeen – nie net COVID-19 nie – sal help voorkom.

ATKV OORDE

06

MOETS EN MOENIES

- Indien u vermoed dat u besmet is, moenie sonder enige vooraf kennisgewing dokter, kliniek of hospitaal toe gaan nie. U kan gesondheidwerkers en ander (insluitende siek mense) onnodig en onbewustelik aan die virus blootstel. Bel eers die dokter, kliniek of hospitaal om hulle te laat weet dat u siek is, sodat hulle kan voorberei om u veilig en doeltreffend te ontvang.
- Gaste wat vrees dat hulle reeds besmet is, moet met hul plaaslike mediese praktisyn skakel om verdere instruksies te kry.
- Was u hande gereeld deeglik met seep en water. Indien u bekommerd is, oorweeg dit om 'n handontsmettingsmiddel (handreiniger) met 'n minimum alkoholinhoud van 70% aan te skaf vir gebruik wanneer u die huis verlaat.
- Bedek u mond met 'n stuk materiaal of u elmboog wanneer u hoes of nies. Probeer om nie oppervlaktes met u liggaamsvog te besmet nie.

07

VEILIGHEID VAN PERSONEEL

Die veiligheid en gesondheid van ons gaste en personeel is ons eerste prioriteit. Die volgende gesondheids- en veiligheidsprotokolle word in plek gestel om te verseker dat hoë higiëne- en veiligheidstandaarde toegepas word, om u veiligheid te verseker:

Moniteringstelsels	Personeel se gesondheid word daagliks gemonitor, en moniteringstelsels word in plek gestel om infeksies onder werknemers te identifiseer, om sodoende aan die veiligheidsprotokolle te voldoen. Hierdie moniteringstelsels sluit in, maar is nie beperk nie tot: • 'n COVID-19-vraelys wat deur personeel ingevul word. • Werknemers se temperatuur sal daagliks gemeet word. • Personeel sal die volgende items ontsmet met aankoms: -Skoene -Handsak -Selfoon.
Virtuele vergaderings	Minimalisering van menslike kontak deur die gebruik van platforms soos Skype en Zoom vir konferensieoproepe en vergaderings.
Persoonlike beskermende toerusting (PBT)	Persoonlike beskermende toerusting (PBT) word aan die personeel beskikbaar gestel om die blootstelling aan die koronavirus te voorkom, en sluit onder andere gesigsmaskers, gesigskerms en handskoene in.

ATKV OORDE

08

VEILIGHEID VAN PERSONEEL [VERVOLG]

Handhawing van veilige werkspraktyke	Die handhawing van 'n gesonde werksomgewing en bevordering van persoonlike higiëne deur die voorsiening van vullisdromme met voetpedale, water en seep, papierhanddoeke, ontsmettingsmiddels en handreinigers met 'n alkoholinhoud van minstens 70%. Handwasinstruksietekens sal in toilette, ablusiegeriewe en kleedkamers opgesit word.
Sosiale tussenruimtes, skoonmaak en sanitasie	Sosiale tussenruimtes word gehandhaaf deur die volgende maatreëls te implementeer: • Werksplekke word ingerig deur 'n afstand van minstens 1.5 m tussen werknemers te handhaaf. In gevalle waar dit nie moontlik is nie, word skerms tussen werknemers aangebring. • Handreinigers word by alle ingange van die kantoor/oord gehou sodat hande ontsmet kan word voordat personeel die werksgebou binnegaan, as water en seep nie dadelik beskikbaar is nie. • Alle werksoppervlakke en gedeelde toerusting sal ontsmet word. Dit sluit in: -Deurhandvatsels -Handrelings -Ligskakelaars -Kantoortoerusting soos drukkers en lesenaars -Wasbakkrane.

ATKV OORDE

09

VEILIGHEID VAN PERSONEEL [VERVOLG]

Noodkommunikasieplanne	• Die ontwikkeling en aanpassing van noodkommunikasieplanne deur die aanstelling van 'n taakspan om personeel se bekommernisse aan te spreek, met behulp van internetgebaseerde kommunikasielyne. • Vullisverwydering- en vernietigingsplan wat die korrekte hantering van mediese afval, soos handskoene, maskers ens. insluit.
Bewusmakingsmateriaal en kommunikasie	Die volgende bewusmakingsmateriaal met betrekking tot die COVID-19-pandemie sal in die kantoor of op die oord geplaas word: • Visuele kommunikasie, bv. protokolplakkate wat fokus op die rapportering van insidente en voorvalle en die identifisering van moontlike risiko's • Noodnommers en bestuur se kontaknommers sal algemeen op die oord beskikbaar wees. • Handwasinstruksietekens sal opgesit word. • Die COVID-19-inligtingsblad sal op die oord vertoon word. • Tweemeter-afstandbordjies by ontvangs.

ATKV OORDE

10

VEILIGHEID VAN GASTE: VOOR AANKOMS

Streng maatreëls word deur ATKV-oorde in plek gestel om ons gaste weer op ons onderskeie oorde te verwelkom en om hulle veiligheid te verseker.

Oordbestuurspan	Die nodige voorbereiding is op oordvlak gedoen: • COVID-19-opleiding aan oordpersoneel. • Voorsien riglyne aan personeel rakende kommunikasie met gaste en verskaffers. • Elke oord het 'n COVID-19 nakomingsbeampte • Aankope van skoonmaakmiddels, PBT en voorraad (operasioneel oor alle departemente).
Die skoonmaak en ontsmetting van eenhede en fasiliteite	• Algemene instandhouding van terrein en eenhede. Eenhede sal gesteriliseer word. • Warmwaterstelsels sal 'n minimum temperatuurvan 60 grade handhaaf. • Ekstra personeel sal aangestel word t.o.v. skoonmaakdienste in ablusieblokke om skoonheid en netheid te verseker. • Openbare areas sal ook meer aandag geniet. • Die fasiliteite wat gereeld gebruik word, soos swembaddens, ablusieblokke, kleedkamers, restaurante en winkels, sal op 'n daaglikse basis skoongemaak word.
Handreinigers	Alkoholgebaseerde handsmeermiddel sal by die ontvangs, winkels en restaurante beskikbaar gestel word.
Sosiale tussenruimtes	Aanduiders vir sosiale tussenruimtes sal by alle ingange, sowel as by ontvangs, aangebring word. Sekuriteitspersoneel sal opleiding ontvang om hierdie sosiale tussenruimtes te monitor en bestuur.

ATKV OORDE

11

VEILIGHEID VAN GASTE: VOOR AANKOMS

Gasteskanderingstasie	'n Gasteskanderingstasie sal by die oord se hoofingang opgerig word. Elke besoeker (dus alle individue in 'n gesin/groep) sal gevra word om 'n COVID-19-vraelys te voltooi en om hulle temperatuur te laat neem voordat hulle by ontvangs mag registreer. Die gasteskanderingstasie word deur 'n ATKV-oorde-personeellid beman, en elke gas sal gevra word om van die voorsiene handreinigers te gebruik. Die personeellid wat die skanderingstasie beman, sal PBT dra. Sodra u die nodige vorms voltooi en die skandering laat doen het, kan die gas geverifieer word en toegelaat word om by ontvangs te registreer.

12

VEILIGHEID VAN GASTE: GEDURENDE GASTE SE BESOEK

Gedurende gaste se besoek aan 'n ATKV-oord sal elke individu met vriendelikheid en respek behandel word, maar die ATKV-bestuur versoek dat gaste die volgende in gedagte hou en toepas om te verseker dat alle veiligheidsprotokolle gevolg word. Hierdie protokol is ons almal se verantwoordelikheid:

Ontvangs	Indien gaste nie met aankoms 'n gesigsmasker dra nie, sal 'n gesigsmasker voorsien word, teen 'n addisionele fooi. • Dit is die ontvangsbeamptes/ ontvangspersoneel se verantwoordelikheid om ten alle tye hul maskers/gesigskerms te dra en hulle hande en enige voorwerp (pen, intekenregister) te ontsmet voordat dit aan die gas/besoeker oorhandig word. • Alle kredietkaartmasjiene moet voor en na elke gebruik met 'n alkoholgebaseerde ontsmettingsmiddel met 'n alkoholinhoud van minstens 70%, ontsmet word. • 'n Snelrykonsep sal so ver moontlik toegepas word sodat elke gas/besoeker die minimum kontak met personeel het.

13

PUBLIEKE AREAS: EENHEDE

• Skoonmaak van eenhede, buiten voor aankoms en na vertrek sanitering, word afgelas as ingeslote diens vir die res van 2020. Gaste wat die diens verlang (was van skottelgoed, skoonmaak van vloere en badkamers/ kombuise), moet tydens bespreking aandui dat hul die diens benodig, waarvoor 'n addisionele fooi gevra sal word.	• Personeel sal bykomende interne opleiding en inligting ontvang oor hoe om eenhede skoon te maak en die verspreiding van COVID-19 te voorkom. • Alle linne sal nadat gaste vertrek het, gewas en getuimeldroog word. • Linne sal in geseëlde linnesakke teruggeneem word na eenhede om kontaminasie te verhoed. • Die gebruik van lugversorging in eenhede word nie aangemoedig nie. • Eenhede sal gereeld tussen aankomstes met higiëniese middels berook word. ('n Gesondheidsertifikaat sal hiervoor deur die verskaffer vir elke eenheid uitgereik word). • Waar moontlik, word die gebruik van weggooiskoonmaaktoerusting aanbeveel. • Personeel sal versoek word om nie gaste te help om hul bagasie na die eenhede te dra nie, om moontlike infeksie te voorkom. • Alle vensters en deure sal so lank as moontlik oopgehou word terwyl die eenhede skoongemaak word, om vars lug te laat sirkuleer. • Skoonmaaktoerusting sal daagliks ontsmet word.

ATKV OORDE

PUBLIEKE AREAS: FASILITEITE EN AKTIWITEITE

• Skoonmaak/Instandhouding van fasiliteite	• Openbare areas sal meer aandag geniet – onnodige brosjures sal beperk word, okkupering sal tot 50% beperk word en die area sal higiënies gehou word. • Fasiliteite sal gereeld ontsmet en skoongemaak word • Alle openbare fasiliteite, soos kleedkamers, ablusieblokke, restaurante en winkels, sal alkoholgebaseerde handsmeermiddel beskikbaar hê, wat deur die gas/besoeker gebruik kan word. • Swembadwater sal hanteer word volgens die standaard spesifikasies aangaande die hoeveelheid chemikalieë wat benodig word om 'n veilige swemarea te verseker. • Swemsessies (besoeke aan swembaddens) sal aanbeveel word per eenheid/staanplek om die minimum aantal mense op 'n slag by die fasiliteite te akkommodeer. • Higiënestasies moet elk drie keer per dag gediens en skoongemaak word. • By die gimnasiums, Hidro Spa en pretpark sal soortgelyke reëls ingestel word om die minimum aantal besoekers op 'n slag te verseker. • Speelparkies moet twee keer per dag gesteriliseer word en die hoeveelheid kinders in verhouding met die beskikbare spasie moet ook beperk word. • Die speletjieskamer moet elke twee ure gesteriliseer word of alternatiewelik net vir beperkte ure beskikbaar wees.

• Aktiwiteite	• Perdritte en trapbote sal in bepaalde tydsgleuwe aangebied word en toerusting sal na elke rit gesteriliseer word. • Waterglybaan – Slegs vir bepaalde tye operasioneel, met streng kontrole en toesig rakende die veiligheids- en gesondheidsrisiko. (Oorweeg om waterglybaan te sluit vir die wintertyd.) • Ekoritte en vierwielmotorfietse – Slegs vir bepaalde tye en toerusting sal na elke rit gesteriliseer word. Die maksimum hoeveelheid persone sal tot 50% van die normale kapasiteit beperk word. • Gholf, visvang, natuurstaproetes en bergfietsroetes – Hierdie is aktiwiteite waar sosiale tussenruimtes gemaklik gehandhaaf kan word en raakpunte minimaal is. Die nodige sterilisering van raakpunte sal steeds gereeld gedoen word.

ATKV OORDE

PUBLIEKE AREAS: WINKEL EN RESTOURANT

• Winkel	• Kontantlose transaksies sal aangemoedig word (krediet-/debietkaart). • Bokse moet ontsmet word voordat dit oopgemaak word. • Produkte sal ontsmet word voordat dit op die rakke geplaas word. • Die winkel sal gereeld berook word om te voldoen aan vereistes vir die uitreiking van 'n gesondheidsertifikaat. • Raakpunte moet geïdentifiseer word en uurliks gesteriliseer word. • Bestellings kan vooraf geplaas en betaal word en dan afgelewer of afgehaal word.

• Koswerf	• Geen etes sal van buite die oord voorsien word nie. • Personeel sal baie streng gemonitor word en sal persoonlike asook voedselveiligheid en -higiëne volgens regsvoorskrifte handhaaf. • Alle toerusting en eetgerei (wegneem ingesluit) moet gesteriliseer word na gebruik. Onnodige toerusting word gestoor en minimale toerusting word daagliks gebruik. Toerusting wat nie gebruik is nie, maar wat in die areas was, moet weer gesteriliseer word. • Moontlike opsie om etes op 'n selfsorgbasis in die eenhede te voorsien, met duidelike aanduiding dat die pakkie so higiëniese as moontlik verpak en afgelewer is. • In 'n restaurant-opset sal vier persone in 10 m2 hanteer en toegelaat word indien etes daar genuttig wil word. Duidelike aanwysings en 'n vloerplan om dit te verseker, is nodig. • Werkstasies in die kombuis sal 'n minimum van 1 m uit mekaar wees.

- Alkoholverwante produkte mag in die drankwinkel verkoop word tydens die ure wat deur die regulasies bepaal word, naamlik van Maandae tot Donderdae, tussen 09:00 en 17:00.
- Alkoholverwante produkte mag verkoop word in die restaurant vir verbruik op die perseel soos volgens die ure wat deur die regulasies bepaal word, naamlik daagliks tot 22:00.
- COVID-19-reëls soos ingestel vir die restaurant, konferensies en winkel geld ook hier.

ATKV OORDE

16

PUBLIEKE AREAS: WINKEL EN RESTOURANT [ADDENDUM]

- Algemene inligting/kennisgewings en handontsmettingstasies moet op strategiese plekke en by ingange geplaas word.
- Veiligheidsskerms van plexiglas of Perspex moet voorsien word by ontvangs.
- Raakpunte moet geïdentifiseer word en uurliks gesteriliseer word. Dit sluit badkamers in.
- Registreer restaurantgaste en neem ook hulle temperatuur.
- Geen waterkanne of houers nie – slegs verseëlde bottels wat op tafels geplaas word.
- Materiaalmaskers moet ten alle tye gedra word, behalwe wanneer die kos voorgesit is.
- Verskaf mondeling en skriftelik inligting oor COVID-19 en die maatreëls wat die ATKV neem om die restaurant vir gaste veilig te maak.
- Stel gaste vooraf in kennis dat hulle nie moet inkom vir ete as hulle simptome het of nie goed voel nie.
- Maak vensters en deure waar moontlik oop om seker te maak dat die lokaal goed geventileer is.
- Moedig gaste aan om gereeld hande te was of ontsmet.
- Moedig gaste aan om in hul elmboog of 'n snesie te hoes of nies.
- Volg die noodplan as iemand simptome toon of ontwikkel.
- Geen buffetetes sal voorsien word nie – die fokus is op 'n à la carte-spyskaart en wegneemetes.
- Geen etes sal buite die oord voorsien word nie.

17

PUBLIEKE AREAS: WINKEL EN RESTOURANT [ADDENDUM]

- Personeel word baie streng gemonitor en persoonlike asook voedselveiligheid en higiëne word volgens die nuutste praktyke gehandhaaf.
- Alle toerusting en eetgerei (wegneem ingesluit) moet gesteriliseer word na gebruik.
- Onnodige toerusting word gestoor en minimale toerusting word daagliks gebruik.
- Toerusting wat nie gebruik is nie, maar wat in die areas geplaas is, moet weer gesteriliseer word.
- Daar is 'n moontlike opsie om etes op 'n selfsorgbasis in die eenhede te voorsien met duidelike aanduiding dat die nouste aandag gegee is om die pakkie so higiënies moontlik te verpak en af te lewer.
- In die restaurantopset sal vier persone in 10 m2 hanteer en toegelaat word. Duidelike aanwysings en 'n vloerplan sal in plek wees om dit te verseker.
- Werkstasies in die kombuis sal 'n minimum van 1 m uitmekaar wees.
- Weggooibare servette en geen tafellinne word gebruik nie.
- Kontantlose transaksies sal aangemoedig word.
- Vooraf bestelling en betaling ook vir afhaal of aflewering om die kontaktydperk te verminder en vir kliënte se gerief.
- Hou kontakpunte vir gaste so min as moontlik.
- Die restaurant sal daagliks berook word en 'n gesondheidsertifikaat sal uitgereik word.
- Hou streng by die bedryfsure wat volgens wet bepaal word.
- Aflewerings van produkte vanaf verskaffers:
  - Bokse moet ontsmet word voor oopgemaak word.
  - Produkte moet ontsmet word voor dit gebêre word vir gebruik.

ATKV OORDE

18

KONFERENSIES [ADDENDUM]

- Sorg dat alle organiseerders, afgevaardigdes, diensverskaffers en besoekers by die geleentheid kontakbesonderhede verskaf: Selfoonnommer, e-posadres en woonadres.
- Ons sal dit duidelik stel dat hul besonderhede met die plaaslike owerheid vir openbare gesondheid gedeel sal word as enige van die deelnemers enige griepsimptome begin toon. As hulle nie daartoe instem nie, kan hulle nie die geleentheid of vergadering bywoon nie.
- Algemene inligting/kennisgewings en handontsmettingstasies moet op strategiese plekke en by ingange geplaas word.
- Veiligheidsskerms van plexiglas of Perspex moet voorsien word by registrasie.
- Raakpunte moet geïdentifiseer word en uurliks gesteriliseer word. Dit sluit badkamers, sale, registrasie ens. in.
- Groepe is beperk tot 50 afgevaardigdes per bespreking.
- Sitplekke in sale:
    - Een afgevaardigde per tafel.
    - Tafels gerangskik in U-vorm of klaskamerstyl, 1.5 m van mekaar af.
- Etes volgens restaurantplan.
- Vooraf verpakte verversingspakkies word tydens koffie- tee-, verversingspouses bedien – geen selfhelpstasies sal opgestel word nie.
- Geen waterkanne of houers nie – slegs verseëlde bottels wat op tafels geplaas word.
- Materiaalmaskers moet te alle tye gedra word.
- Verskaf mondeling en skriftelik inligting oor COVID-19 en die maatreëls wat die ATKV neem om hierdie geleentheid vir afgevaardigdes veilig te maak.
- Stel die afgevaardigdes vooraf in kennis dat hulle nie die geleentheid moet bywoon as hulle simptome het of nie goed voel nie.
- Maak vensters en deure waar moontlik oop om seker te maak dat die lokaal goed geventileer is.
- Moedig afgevaardigdes aan om gereeld hande te was of ontsmet.
- Moedig afgevaardigdes aan om in hul elmboog of 'n snesie te hoes of nies.
- Volg die noodplan as iemand simptome toon of ontwikkel.

ATKV OORDE

AUGUSTUS 2020

GEVOLGTREKKING

Die veiligheid van ons personeel en gaste sal vir ons 'n prioriteit bly, om sodoende die verspreiding van die koronavirus in Suid-Afrika te bekamp. Dit is daarom belangrik dat die korrekte PBT, chemikalieë en verbruiksvoorraad aangeskaf word.

ATKV OORDE